- (e) use or cause or permit to be used any change-room for any purpose other than a change-room;
- (f) fail to maintain in all change-rooms, an adequate supply of soap, clean towels, nailbrushes and wash-basins for the use of his employees.

5. (a) Every person employed or working in an aerated or mineral water factory shall, before engaging in his work, wash his hands with soap and water at the commencement of his shift or after any break therein liable to result in the contamination of his hands, unless such person be of the type whose work does not involve the handling of raw materials or the manufacture of the product.

(b) No person shall permit any aerated or mineral water or any water in the process of being converted into aerated or mineral water to come into contact with any copper or lead.

CHAPTER XXI.

FRUIT AND VEGETABLES OR ANY ARTICLE INTENDED FOR HUMAN CONSUMPTION.

1. No person shall use or cause or suffer to be used in the manufacture or preparation of any food any diseased, unsound, unwholesome or injurious ingredient or thing, and no person shall sell, collect, manufacture, prepare, keep, transmit or expose for sale any such food.

2. Niemand mag voedsel verkoop in 'n winkel, kamer of ander plek wat as slaapvertrek, woonkamer of as gemak-huis gebruik word, of in enige kamer of gang wat regstreeks verbind is met sodanige slaapvertrek of gemakluis, of wat so geleë of gebou is dat enige sodanige voedsel na die mening van die Geneeskundige Gesondheidsbeampte of die Gesondheidsinspekteur daardeur besmet of onvoedsaam of nadelig of gevaarlik vir menseverbruik kan raak nie.

3. Die besetter van elke winkel, kamer of ander plek of ding wat vir die verkoop van voedsel gebruik word, moet ten genoë van die Raad voldoen aan die onderstaande veristes:—

- (a) Hy moet sorg dat sodanige winkel, kamer of ander plek en alles wat daaraan behoort of daarin gebruik of gehou word, skoon, higiënies en vry van stof en alle soorte ongediertes is, en hy moet geskikte maatreëls tref om die uitbroei van ongediertes te voorkom;
- (b) hy moet sorg dat sodanige winkel, kamer of ander plek behoorlik verlig en belug is: Met dien verstande egter dat hierdie regulasie nie van toepassing is op plekke wat uitsluitlik gebruik word vir die bewaring van graan of voedselmiddels wat ingemaak of bevrore is of wat andersins moontlik beskadig kan word deur blootstelling aan lig of lug nie;
- (c) hy moet sorg dat sodanige winkel, kamer of ander plek te alle tye voorsien is van 'n toereikende voorraad goeie en skoon water: Met dien verstande dat hierdie bepaling nie van toepassing is op plekke wat uitsluitend gebruik word vir die verkoop of bereiding, bewaring of uitstalling ter verkoop van graan of ander voedselmiddels van sodanige aard dat 'n watervoorraad onnodig is nie;
- (d) hy moet elkeen wat voedsel of drank voorberei, hanteer, verkoop of aflewer, voorsien van skoon en heel oorpakke van ligkleurige wasbare materiaal, wat by sodanige werk gedra moet word.

4. Niemand wat aan 'n aansteeklike of besmetlike siekte ly of wat 'n draer van sodanige siekte is, of wat in aanraking was met iemand wat daaraan ly, en wat nie behoorlik ontsmet is nie, en geneeen wat 'n etterende swaar of seerplek het, of wie se persoon of klerre onsindelek is, mag 'n vat, houër, maat of toestel wat by of in verband met die verkoop of hantering van voedsel gebruik word, of daarvoor bestem is, hanteer of toegelaat word om dit te hanteer nie, nóg mag hy toegelaat word om enigins deel te neem aan, of te help by, die verkoop of hantering van voedsel nie.

5. Elke behoorlik gemagtigde beampte van die Raad kan enige voedsel wat vir menseverbruik bestem is, en wat verkoop is, of ter verkoop uitgestel word, of ter verkoop versend word, ondersoek, en as hy meen dat dit ongeskik is vir menseverbruik, kan hy beslag daarop lê en dit verwyder, of bevel hoe, waar en onder watter toesig sulke voedsel bewaar moet word, sodat dit deur die Geneeskundige Gesondheidsbeampte of die Gesondheidsinspekteur geïnspekteer en ondersoek kan word.

6. As die Geneeskundige Gesondheidsbeampte of die Gesondheidsinspekteur oortuig is dat die voedsel wat ter verkoop bestem is, ongesond, onvoedsaam, nadelig of gevaarlik vir menseverbruik is, kan hy bevel dat dit onmiddellik vernietig moet word: Met dien verstande dat enigeen wat daarby betrokke is, hom teen sodanige bevel, waar dit deur die Gesondheidsinspekteur uitgeroep is, op die Geneeskundige Gesondheidsbeampte kan beroep, en indien daar geen Geneeskundige Gesondheidsbeampte is nie, op 'n geregtelike geneeskundige praktisyn of veearts, wie se beslissing dan afdoende is.

7. Onderwyl die uiteindelijke beslissing in hoër beroep nóg aanhangig is, mag sodanige voedsel nie verkoop of andersins oor beskik word nie.

8. Die Raad betaal geen vergoeding vir voedsel wat aldus in beslag geneem, afgekeur of vernietig word nie.

2. No person shall sell, any food in any shop, room or other place used as a sleeping apartment or living room or as a sanitary convenience or in any room or passage directly communicating with any such sleeping apartment or sanitary convenience, or so situated or constructed as to be liable to render any such article contaminated or unwholesome or injurious or dangerous for human consumption, in the opinion of the Medical Officer of Health or Health Inspector.

3. The occupier of every shop, room or other place or thing used for the sale of any food shall, to the satisfaction of the Council, comply with the following requirements, namely—

- (a) cause such shop, room or other place and all things appertaining thereto or kept or used therein to be maintained in a clean, hygienic condition and free from dust and all types of vermin, and maintain effective measures for the prevention of the breeding of such vermin;
- (b) cause such shop, room or other place to be properly lighted and ventilated: Provided, however, that this regulation shall not apply to places used solely for the storage of grain or articles of food in a preserved or frozen state or such as would be liable to be injured by exposure to light or air;
- (c) cause such shop, room or other place to be at all times provided with a good and sufficient supply of pure water: Provided that this requirement shall not apply to places used solely for the sale or preparation, storage or exposure for sale of grain or other articles of food or of such nature as to render a supply of water unnecessary;
- (d) provide all persons engaged in the preparation, handling, selling or delivery of food or drink with clean and sound overalls of a light-coloured washable material to be worn by them whilst so engaged.

4. No person suffering from any infectious or contagious disease or who is a carrier of such disease or who has been in contact with any person so suffering and who has not been thoroughly disinfected and no person having any discharging ulcer or sore, or whose person or clothing is not in a clean condition shall, or shall be allowed to handle any vessel, receptacle, measure or appliance used or intended to be used in connection with, or shall be allowed to in any way take part or assist in the sale or handling of any food.

5. Any duly authorised officer of the Council may examine any food intended for sale or is consigned for has been sold or is exposed for sale or is consigned for the purpose of sale, and, if it appears to him to be the purpose of sale, and, if it appears to him to be unfit for human consumption, he may seize and remove it or may direct the manner, place and custody in which such food shall be kept to admit of such food being inspected and examined by the Medical Officer of Health or Health Inspector.

6. If the Medical Officer or Inspector is satisfied that any food intended for sale is unsound or unwholesome or injurious or dangerous for human consumption, he shall order the immediate destruction of such food: he should order that any person concerned may appeal against such order, if issued by such Inspector, to the Medical Officer of Health, and, if there be no Medical Officer of Health, to a registered medical practitioner or veterinary surgeon, whose decision shall be final.

7. Pending the final decision on appeal, no such food may be sold or otherwise disposed of.

8. No compensation shall be paid by the Council for any food so seized, condemned or destroyed.

HOOFSTUK XXII.

BARBIERS EN HAARSNYERS.

1. Niemand mag 'n perseel binne die Munisipale gebied sonder die skriftelike toestemming van die Raad as barbiers- of haarsnyerswinkel gebruik nie.

2. Geen perseel mag as barbiers- of haarsnyerswinkel gebruik word nie, tensy dit ten genoë van die Raad aan die onderstaande vereistes voldoen:—

- (a) Die perseel moet doelmatig verlig en belug wees;
- (b) daar moet 'n minimale lughuimte van 14,158 kubieke meter (500 kubieke voet) vir elke stoel wees;
- (c) daar moet 'n toereikende voorraad gesonde warm en koue water wees;
- (d) die perseel moet toegerus wees met een of meer gemonteerde glasuurde wasbakke wat behoorlik verbind is met 'n vulwater- of afvoerpyp;
- (e) elke tafel of rak waarop die barbier of haarsnyer se instrumente gewoonlik lê, moet bedek wees met marmor of glas of ander goedgekeurde glasuurde materiaal.

3. Elke barbier of haarsnyer moet—

- (a) elke deel van sy perseel te alle tye deeglik skoon hou;
- (b) al sy instrumente en borsels en toerusting te alle tye skoon hou, en elke instrument steriliseer elke keer voordat hy dit aan iemand gebruik;
- (c) slegs haarborsels met wit of grys borselde gebruik, hulle minstens een keer per dag met seep en water waarin daar 'n bietjie boraks gegooi is, was;
- (d) wanneer hy met sy bedryf besig is, 'n skoon wit jas sonder sakke dra;
- (e) vir elke stoel twee skicerkwaste verskaf, waarvan een altyd in 'n ontsmettingsmiddel gesit moet word, terwyl die ander een gebruik word;
- (f) 'n skoon handdoek vir elke afsonderlike klant gebruik;
- (g) vir elke klant 'n nuwe stuk skoon papier of linne teen die rug van die stoel sit, waarteen sy kop moet leun;
- (h) by die skeer net vloeiende seep, poeierseep, seep in buise of skeerroom gebruik;
- (i) as gesigsdoek slegs vars watte of skoon doek gebruik; geen spons mag gebruik word nie;
- (j) as bloedstelpingsmiddel slegs 'n vloeistof of poeier gebruik, wat met 'n spuit of 'n vars stuk watte aangewend word; die gebruik van aluinkristalle, stif-fies of poeierkwaste word streng verbied;
- (k) alle afgeknipte hare onmiddellik laat hymekeer maak en in 'n bedekte houër wat vir daardie doel aangehou word, laat plaas;
- (l) daarvan afsien om hare wat by die knip daarvan vanaf die klant se nek of kop geval het, met sy asem weg te blaas; maar moet vir daardie doel 'n geskikte sagte borsel of 'n drukglas gebruik;
- (m) elkeen wat na sy wete aan 'n huidsiekte ly of on-langs in aanraking was met iemand wat aan 'n aansteeklike siekte ly, verbied om enigens aan sy barbiers- of haarsnyersbedryf deel te neem;
- (n) weier om die hare van enigeen wat na sy vermoede aan 'n huid- of haarsiekte ly, of wat, na hy rede het om aan te neem, aan enige ander aansteeklike siekte ly, of onlangs daaraan gely het, te sny of te skeer, tensy dit in 'n private kamer geskied, en al die instrumente, borsels en toerusting wat in verband met so iemand gebruik word, onmiddellik daarna deeglik gesteriliseer word;
- (o) daarvan afsien om enige deel van sy winkel as slaap-vertrek of bewaar- of voorbereidingsplek vir voedsel te gebruik;
- (p) elke keer voordat en nadat hy met 'n klant werk en gewerk het, sy hande met seep en skoon water was;
- (q) vir elke klant 'n vars nekdoek van weestof, papier, watte of ander materiaal gebruik, en elke klant se klere bedek en beskerm met 'n skoon doek van ligkleurige wasbare stof.

CHAPTER XXII.

BARBERS AND HAIRDRESSERS.

1. No person shall use any premises within the Municipal area as a barber's shop or hairdresser's shop without the written permission of the Council.

2. No premises may be used as a barber's or hairdresser's shop unless such shop meets with the following requirements to the satisfaction of the Council—

- (a) effective lighting and ventilation are installed;
- (b) there is a minimum of 14.158 cubic metres (500 cubic feet) of air space per chair;
- (c) an adequate supply of pure hot and cold water is provided;
- (d) it is equipped with one or more fixed glazed wash-basins properly connected to a waste pipe and drain;
- (e) all tables and shelves on which the barber's or hairdresser's instruments are usually laid are covered with marble or glass or other approved glazed material.

3. Every barber or hairdresser shall—

- (a) keep at all times every part of his premises in a thoroughly clean state;
- (b) keep all his instruments and brushes and equipment at all times in a clean condition and sterilise every instrument immediately before it is used on any person;
- (c) use only hair brushes having white or grey bristles, and have these washed at least once a day with soap and water to which a little borax has been added;
- (d) when engaged in his business, wear a clean white coat without pockets;
- (e) provide for each chair two shaving brushes; one to be placed in disinfectant while the other is in use;
- (f) use a clean towel for each customer;
- (g) use for each customer a fresh piece of clean paper or linen as head-rest on the back of the chair;
- (h) use only liquid, powdered or tube soap or shaving cream for shaving purposes;
- (i) use as face cloth only fresh cotton wool or clean cloth; the use of a sponge being strictly forbidden;
- (j) use as a styptic only liquid or powder applied by means of a spray or a fresh piece of cotton wool; the use of alum crystals, pencils or powder pulps being strictly forbidden;
- (k) have all cut hair immediately swept up and placed in a covered receptacle kept for the purpose;
- (l) refrain from blowing away with his breath any hair which may have fallen from the neck or head during the process of haircutting, but shall use for the purpose, a suitable soft brush or a compressed airblower;
- (m) prohibit any person who, to his knowledge, is suffering from any skin disease or has recently been in contact with a case of infectious disease, from taking any part in conducting his barber's or hairdresser's business;
- (n) refuse to shave or cut or dress the hair of any person who appears to him to be suffering from any skin or hair affliction, or who, he has reason to believe, is or has recently been suffering from any other infectious disease, unless it be in a private room and where, immediately thereafter, all instruments brushes and equipment used in connection with such person shall be thoroughly sterilised;
- (o) refrain from using any part of his shop as sleeping apartments or for the purpose of storing or preparing food;
- (p) wash his hands with soap and clean water before and after attending to each customer; cotton wool
- (q) use a fresh neck-strip of cloth, paper, and cover the or other material for each customer, and cover the clothing of each customer with a clean protective cloth of light-coloured washable material.

HOOFSTUK XXIII.
MELKERYREGULASIES.

CHAPTER XXIII.
DAIRY REGULATIONS.

1. By die toepassing van die regulasies in hierdie Hoofstuk—

- (a) beteken „melkwinkel” elke plek waaruit melk, vars room of karringmelk verkoop of gelewer, of waarin melk, vars room of karringmelk ter verkoop aangehou word;
- (b) beteken „melkery” of „melkplaas” elke gebou of perseel of deel daarvan waarop of waarin koeie aangehou word of gemelk word vir die produksie van melk wat vir verkoop bestem is, en omvat dit geboue waarin melk in bottels gegooi word, of melkerygereedskap gesteriliseer word, as ook alle toebehore van sodanige geboue of perseel;
- (c) beteken „melkkamer” elke perseel of deel daarvan waarop of waarin melk of melkprodukte bewaar of gehanteer word;
- (d) beteken „melkboer” elkeen wat koeie aanhou vir melk- of roomproduksie ter verkoop, of wat melk, room of karringmelk binne die Munisipale gebied verkoop of lewer, hetsy dit binne of buite daardie gebied geproduseer word;
- (e) beteken „koeihouer” elkeen wat hoogstens twee koeie besit of aanhou vir die produksie van melk slegs vir die huishoudelike gebruik;
- (f) beteken „melkeweransier” elkeen wat melk of melkprodukte aan engeen buite ’n lid van sy eie huishouding, lewer, hetsy teen vergoeding al dan nie;
- (g) beteken „lisensiehouer” elkeen wat ’n lisensie ingevolge hierdie regulasies hou;
- (h) beteken „melk” die vars, skoon en onveranderde produk, verkry deur een of meer gesonde koeie wat behoortlik gevoer en gehou word, ononderbroke en onder behoorlik higiëniese toestande te melk, maar sluit uit melk wat binne twee weke voordat, en binne een week nadat ’n koei gekalf het, van sodanige koei verkry word; en voort beteken dit melk wat minstens drie (3) persent melkvet en minstens agt en ’n half (8.5) persent vaste melksamestelling, uitgesonderd vet, bevat, en wat per een-tiende kubieke sentimeter geen *baecilli coli* en per kubieke sentimeter hoogstens dertigduisend (30,000) organismes bevat;
- (i) beteken „room” die skoon, voedsame emulsie van melkvet en melkbestanddele uit melk verkry deur dit af te room, en wat minstens vyf-en-twintig (25) persent bottervet bevat;
- (j) beteken „karringmelk” die skoon en voedsame vloei-bare oorlyfsel nadat melk of room gekarrig is en die botter wat daardeur ontstaan uitgehaal is, wat dan bestaan uit hoogstens twee-en-negentig (92) persent water, en dit sluit ook elke soort kultusmelk in;
- (k) beteken „gepasteuriseerde melk”—
 - (i) melk wat minstens dertig (30) minute lank teen ’n temperatuur van minstens eenhonderd vyf-en-veertig grade Fahrenheit (145° F) of twee-en-sestig punt agt grade Celsius (62.8° C) en hoogstens eenhonderd-en-vyftig grade Fahrenheit (150° F) of vyf-en-sestig punt vyf grade Celsius (65.5° C) gehou is, en onmiddellik daarna afgekoel is tot op ’n temperatuur onder vyftig grade Fahrenheit (50° F) of tien grade Celsius (10° C), en dan beskerm is teen herbesmetting. Die melk mag nie meer as een keer aldus verwarm word of andersins met hitte behandel word nie, en dit mag per een-honderdste van ’n kubieke sentimeter geen *baecilli coli*, en per kubieke sentimeter hoogstens tweehonderdduisend (200,000) organismes bevat;
 - (ii) melk wat enige ander proses wat die Direkteur van Landbou as ’n bevredigende pasteurisasie-stelsel beskou, deurgemaak het;
- (l) beteken „afgeroomde melk” melk waaruit feitlik al die melkvet verwyder is. Dit moet minstens 8.8 persent vaste melksamestelling, afgesien van vet, bevat.

2. Niemand mag binne die Munisipale gebied—

- (a) ’n perseel as melkery of melkplaas gebruik nie, of

1. For the purpose of the regulations in this Chapter—

- (a) „Milkshop” shall mean any place from which milk, sweet cream, or buttermilk is sold or supplied, or in which milk, sweet cream or buttermilk is kept for sale;
- (b) „Dairy” or „Dairy-Farm” shall mean any building or premises or part thereof in which cows are kept or milked for the production of milk for sale, including buildings used for bottling milk or sterilizing dairy utensils and all appurtenances to any such buildings or premises;
- (c) „Milkroom” shall mean any premises or part thereof wherein milk or milk products are stored or handled;
- (d) „Dairyman” shall mean any person who keeps cows for the production of milk or cream for sale, or who sells or purveys milk, cream or buttermilk within the Municipal area whether it be produced within or without such area;
- (e) „Cow-keeper” shall mean any person who owns or houses not more than 2 cows for the production of milk for use in his own household only;
- (f) „Purveyer of milk” shall mean any person who supplies milk or milk products to any person other than a member of his own household, whether for gain or otherwise;
- (g) „Licensee” shall mean any person who holds a licence under these regulations;
- (h) „Milk” shall mean the fresh, clean and unaltered product obtained by the uninterrupted milking under proper sanitary conditions of one or more healthy cows properly fed and kept, excluding that obtained within two weeks before and one week after calving, and containing not less than three (3) per cent of milkfat and not less than eight and one-half (8.5) per cent. of milk solids other than fat and containing no *baecilli coli* in one-tenth of a cubic centimetre and not more than thirty-thousand (30,000) organisms per cubic centimetre;
- (i) „Cream” shall mean the clean and wholesome emulsion of milk-fat and milk-constituents derived from milk by means of skimming, containing not less than twenty-five (25) per cent. of butter fat;
- (j) „Buttermilk” shall mean the clean and wholesome liquid residue left after churning milk or cream and subtracting the butter formed and containing thereafter not more than ninety-two (92) per cent. of water and shall include all cultured milks.
- (k) „Pasteurised milk” shall mean—
 - (i) milk which has been retained at a temperature of not less than one hundred and forty-five degrees Fahrenheit (145° F) or sixty-two point eight degrees Centigrade (62.8° C) and not more than one hundred and fifty degrees Fahrenheit (150° F) or sixty-five point five degrees Centigrade (65.5° C) for at least thirty (30) minutes and immediately cooled to a temperature below fifty degrees Fahrenheit (50° F) or ten degrees Centigrade (10° C), and protected from re-contamination. The milk shall not be so heated more than once and shall not be otherwise treated by heat and containing no *baecilli coli* in one hundredth of a cubic centimetre and not more than two hundred-thousand (200,000) organisms in one cubic centimetre;
 - (ii) milk which has been subjected to any other process which the Director of Agriculture recognised as a satisfactory method of pasteurisation;
- (l) „Skimmed milk” shall mean milk from which substantially all the milk fat has been removed. It shall contain not less than 8.8% of milk solids other than fat.

2. No person shall within the Municipal Area—

- (a) use any premises as a dairy or a dairyfarm; or

(b) melk of room verkoop nie, tensy hy vooraf 'n lisensie daartoe van die Raad verkry het.

3. Niemand mag melk of room wat vir menslike verbruik bedoel is in die Munisipale gebied invoer of laat invoer nie, wat nie vooraf sodanige room of melk in 'n vorm of stof behalwe roomys omskep het nie, tensy hy nie vooraf 'n lisensie van die Raad verkry het om dit te doen nie.

Sodanige lisensie moet net uitgereik word op die uitdruklike verstandhouding—

- dat dit die Raad vrystaan, om wanneer dit ook al nodig geag word, die perseel, uitrusting en melkkudde wat vir die produksie van sodanige melk of room gebruik word, te inspekteer of te laat inspekteer;
- dat die lisensiehouer gebind is om die aanspreklike teenoor die Raad te aanvaar om die gelde en die onkoste van sodanige inspeksie te betaal soos vasgestel ooreenkomstig die goedgekeurde tariewe.
- dat die Raad onverwyld die lisensie kan intrek in geval die lisensiehouer versuim om die voorwaardes van sy lisensie na te kom, of die Raad of sy verteenwoordiger verhoed om sodanige inspeksie uit te voer of versuim of nalaat om uitvoering te gee aan opdragte wat deur of namens die Raad gegee is.

4. Niemand buiten 'n gelisensieerde melkboer of koei-houer mag 'n koei of koeie binne die Munisipale gebied aanhou nie, tensy hy vooraf 'n permit daartoe van die Raad verkry het.

5. (a) 'n Lisensie of permit ingevolge hierdie regulasies kan vir enige tydperk tot op een jaar verleen word, en dit verval op die dertigste (30ste) Junie wat volg op die uitreikingdatum van sodanige lisensie of permit.

(b) 'n Lisensie of permit is nie oordraagbaar nie, nóg is 'n lisensie of permit van een perseel ten opsigte waarvan dit verleen is, op 'n ander oordraagbaar nie, tensy die Raad toestemming daartoe verleen.

(c) Lisensie- of permitgelde word voor uitreiking van sodanige lisensies of permitte in ooreenstemming met die tarief deur die Raad goedgekeur.

6. (a) Elkeen wat 'n lisensie of permit ingevolge hierdie regulasies wil uitneem, moet by die Stadsklerk skriftelik aansoek doen op 'n vorm wat by die Raadskantore verkrygbaar is, en daarop moet hy die onderstaande vermeld—

- die applikant se naam, adres en beroep;
- die naam en adres van die persoon wat die bedryf werklik sal uitoefen of bestuur;
- die plek of plekke waar die perseel ten opsigte waarvan die lisensie of permit gevra word, geleë is;
- alle ander inligting wat die Raad vereis.

(b) By 'n aansoek om 'n permit ten opsigte van 'n perseel wat buite die Munisipale gebied geleë is, moet die aansoek vergeselsaam van die skriftelike toestemming van die applikant en van die bestuurder van sodanige perseel, dat die behoorlik gemagtigde beamptes van die Raad sodanige perseel te alle redelike tye kan inspekteer, en dat sodanige applikant en bestuurder hulle onderwerp en sal voldoen aan al of enige van hierdie of ander regulasies wat die Geneeskundige Gesondheidsbeampte of die Gesondheidsinspekteur nodig bevind.

7. (a) 'n Melkboerlisensie neem die vorm aan, wat die Raad van tyd tot tyd vasstel, en moet die onderstaande inligting vermeld—

- die lisensiehouer se naam;
- die ligging van die gelisensieerde perseel; en
- die datum waarop die lisensie van krag word.

(b) 'n Koeihouerspermit moet die onderstaande inligting vermeld—

- die koeihouer se naam;
- die ligging van die perseel;
- die getal koeie wat hy mag aanhou; en
- die datum waarop die lisensie van krag word,

en voorts moet dit die onderstaande woorde bevat:—

„Die houer van hierdie permit mag aan gemeen melk verkoop nie, nóg mag hy melk weggee aan persone wat nie lede van sy huishouding is nie.”

8. (a) Uitgesonderd soos hierna bepaal word, mag geen melkboer 'n koei melk of laat melk nie, tensy dit in 'n melkstal gedoen word, en die melkstal moet waar doelnlik na die noordekant front, en dit moet aan die onderstaande vereistes voldoen:—

(b) sell milk or cream unless he shall first have obtained from the Council a licence to do so.

3. No person shall introduce or cause to be introduced into the Municipal Area any milk or cream intended for human consumption without previous conversion of such milk or cream into any form or substance other than ice cream, unless he shall first have obtained from the Council a licence to do so.

Such licence shall be issued only upon the expressed conditions that—

(a) the Council shall be at liberty, whenever it deems fit, to inspect or to cause to be inspected the premises, equipment and dairy stock used in the production of such milk or cream;

(b) the licensee shall be bound to accept liability to the Council for the fees and expenses of such inspections assessed in accordance with the approved tariff;

(c) the Council may forthwith cancel the licence in the event of the licensee failing to comply with the conditions of his licence or obstructing the Council or its representative from carrying out any such inspection or failing or neglecting to give effect to the directions given by or on behalf of the Council.

4. No person other than a licensed dairyman or cow-keeper shall keep a cow or cows within the Municipal Area, unless he shall first have obtained from the Council a permit to do so.

5. (a) A licence or permit under these regulations may be granted for any period not exceeding one year and shall expire on the thirtieth (30th) day of June following the date of issue of such licence or permit.

(b) A licence or permit shall not be transferable nor shall any licence or permit be transferable from the premises in respect of which it was granted to any other premises, except with the consent of the Council.

(c) Licence or permit fees shall be paid to the Council before the issue of such licences or permits in accordance with the tariff approved by the Council.

6. (a) Any person requiring a licence or permit under these regulations must forward to the Town Clerk a written application on a form to be obtained at the Council's offices, and shall set forth therein—

- the name, address and occupation of the applicant;
- the name and address of the person by whom the business will be actually carried on or supervised;
- the place or places where the premises in respect of which the licence or permit is desired are situated;
- any other information required by the Council.

(b) In the case of an application for a permit in respect of premises situated outside the Municipal Area, such application shall be accompanied by the consent in writing of the applicant and of the proprietor of such premises to the inspection at all reasonable times by the duly authorised officials of the Council of such premises, and to be subject to and observe and conform to all or such of these or other regulations as the Medical Officer of Health or Health Inspector may consider necessary.

7. (a) A dairyman's licence shall be in such form as shall from time to time be determined by the Council and shall specify—

- the name of the licensee;
- the situation of the licensed premises; and
- the date when the licence commences.

(b) A cow-keeper's permit shall specify—

- the name of the cow-keeper;
- the situation of the premises;
- the number of cows allowed; and
- the date when the licence commences and shall bear the words:—

“It is illegal for the holder of this permit to sell milk to any person or give away milk to persons not members of his own household.”

8. (a) Except as hereinafter provided, no dairyman shall milk or cause to be milked any cow elsewhere than in a milking bail which shall whenever practicable have a northern aspect and which shall conform to the following requirements—

- (i) Dit moet geleë wees op 'n goed gedreineerde plek, minstens 15.24 meter (50 voet) vanaf 'n kraal, varkhok, stal, gemakhuus of ander moontlike bron van oorlas;
- (ii) daar moet twee ewewydige mure van baksteen, beton of soortgelyke ondeurdringbare boustof wees, wat aan die binnekant met pleister glad afgewerk is, en daar moet vir die diere 'n oop ingang en 'n uitgang wees met deure of hekke daaraan;
- (iii) die dak moet van golfyster of soortgelyke ondeurdringbare boustof wees, en moet teen minstens 30 grade skuins afloat, en op sy laagste punt moet dit minstens 2.44 meter (8 voet) bokant die vloeroppervlakte staan;
- (iv) die vloer moet gebou wees van beton of soortgelyke ondeurdringbare materiaal met 'n gladde oppervlakte wat vanaf die ingang tot by die uitgang skuins afloat met 'n gelykmatige daling van minstens 1 per 50, en by die laagste punt moet dit nog hoër as die grondoppervlakte wees;
- (v) die melkstal moet verdeel wees in stalletjies wat van muur tot muur loop; en elke stalletjie moet minstens 1.22 meter (4 voet) wyd en 1.37 meter (4 voet 6 duim) diep wees en minstens 1.524 meter (5 voet) vrye ruimte tussen die ingang en die ent van die stalletjie wat die naaste daaraan is;
- (vi) die afskortings tussen die stalletjies moet van metaalpype, kettings of soortgelyke ondeurdringbare materiaal wees.

(b) 'n Koestral wat ten genoë van die Geneskundige Gesondheidsbeampte of die Gesondheidsinspekteur gebou is, kan in plaas van 'n melkstal gebruik word.

(c) In die geval van melkerye of melkplase wat gelisensieër is op die datum waarop hierdie regulasies in werking tree, sal regulasie 8 van hierdie hoofstuk nie van toepassing wees nie voor die verloop van 'n tydperk van twaalf maande vanaf die afkondiging van hierdie regulasies.

9. Elke melkkamer moet—

- (a) vir slegs een doel gebruik word, naamlik die hantering en bewaring van melk of melkprodukte en ander bedrywighede in verband daarmee, en die skoonmaak- en ander bedrywighede moet so gedoen word dat daar geen besmetting van kan kom nie;
- (b) gebou wees op 'n goed gedreineerde plek minstens 10.058 meter (33 voet) vanaf 'n kraal, varkhok, stal, gemakhuus of ander moontlike bron van oorlas, en moet ten genoë van die Geneskundige Gesondheidsbeampte of die Gesondheidsinspekteur behoorlik verlig en belug wees en voorsien wees van 'n genoegsame voorraad skoon en gesonde water;
- (c) voldoen aan die onderstaande spesifikasies—
 - (i) die vloeroppervlakte moet minstens 9.29 vierkante meter (100 vierkante voet) beslaan;
 - (ii) die hoogtaafstand tussen die vloer en die plafon moet minstens 3.05 meter (10 voet) wees;
 - (iii) die lugopenings in die buitewand moet minstens 1/10 van die vloeroppervlakte uitmaak;
 - (iv) die toegangsdeur moet in 'n buitewand wees, en daar moet geen deur of ander opening na aangrensende kamers wees nie;
 - (v) elke opening met inbegrip van die toegang moet met muskietdraad beskut wees;
 - (vi) die mure en vloer moet van baksteen, klip of beton wees met glad afgewerkte oppervlaktes;
 - (vii) die binneoppervlaktes van die mure moet met oliewater geverf wees of behoorlik met kalk afgewit wees, tensy hulle met teëls bedek is.

10. Elke melkboer of koeihouer moet ten genoë van die Geneskundige Gesondheidsbeampte of die Gesondheidsinspekteur—

- (a) die hele perseel te alle tye deeglik skoon hou;
- (b) alle houers en gereedskap in so 'n melkery of op so 'n melkplaan in goeie herstel laat hou en hulle elke keer na gebruik deeglik laat skoonmaak en daarna met stoom of skoon kookwater laat steriliseer, en hulle so laat bewaar dat hulle skoon en vry van besmetting bly, en hy mag geen sodanige houers of gereedskap gebruik nie, tensy dit aldus skoongemaak en gesteriliseer is;

- (i) it shall be situate on a well drained site at a minimum distance of 15.24 metres (50 feet) from any kraal, pig-sty, stable, lavatory or other potential source of nuisance;
- (ii) there shall be two parallel walls constructed of brick, concrete or similar impervious material, cement plastered to a smooth finish on the inside and with an open entrance and an exit controlled by doors or gates through which the animals will pass;
- (iii) the roof shall be of corrugated iron or similar impervious material having a fall of not less than 30° and being at its lowest point not less than 2.44 metres (8 feet) above the level of the floor;
- (iv) the floor shall be constructed of concrete or similar impervious material with a smooth surface having an even fall from entrance to exit of not less than 1 in 50 and the lowest point of which shall be above ground level;
- (v) the bail shall be divided into stalls from wall to wall but no stall shall be less than 1.22 metres (4 feet) in width and 1.37 metres (4 feet 6 inches) in depth while having not less than 1.524 metres (5 feet) free space between the entrance and the end of the stall nearest thereto;
- (vi) the partition between stalls shall be of metal piping, chains or similar impervious material;

(b) Any cowshed constructed to the satisfaction of the Medical Officer of Health or Health Inspector may be used in substitution for a milking bail.

(c) In the case of dairies or dairy-farms licensed at the date of coming into force of these regulations, regulation 8 of this Chapter shall not apply until the expiration of a period of 12 months from the date of promulgation of these regulations.

9. Every milkroom shall—

- (a) be used for no purpose other than the handling and storage of milk or milk products and other operations incidental thereto and the cleaning and other operations shall be so conducted as to prevent any contamination therefrom;
- (b) be erected on a well drained site at a minimum distance of 10.058 metres (33 feet) from any kraal, pig-sty, stable, lavatory or other potential source of nuisance and shall to the satisfaction of the Medical Officer of Health or Health Inspector be sufficiently lighted and ventilated and provided with a sufficient supply of pure, wholesome water;
- (c) conform to the following specifications—
 - (i) the floor area shall be not less than 9.29 square metres (100 square feet);
 - (ii) the height from floor to ceiling shall be not less than 3.05 metres (10 feet);
 - (iii) the ventilation openings in the external walls shall be not less than 1/10th of the floor area;
 - (iv) the entrance door shall be constructed in an external wall, and no doors or openings shall communicate with adjoining rooms;
 - (v) all openings including the entrance shall be provided with mosquito gauze;
 - (vi) the walls and floor shall be constructed of brick, stone or concrete and brought to a smooth surface;
 - (vii) the internal surfaces of the walls shall be oil painted or kept well limewashed unless tiled.

10. Every dairyman or cow-keeper shall, to the satisfaction of the Medical Officer of Health or Health Inspector—

- (a) at all times maintain the whole of the premises in a thorough state of cleanliness;
- (b) cause all vessels and utensils in any such dairy or dairy-farm to be kept in good repair and thoroughly cleaned and thereafter sterilized with steam or clean boiling water, after each occasion of use; and stored in such a manner as to remain clean and free from any contamination, and shall not use any such vessel or utensils unless so cleaned and sterilized;

(c) behoorlike voorsorgmaatreëls tref om besmetting of besoedeling deur stof, vuiligheid, vlieë, ongediertes, uitvloeiels of andersins, van melk of melkprodukte uit in so 'n melkery, koeistal, melkkamer of hok-skuur gehou word, te voorkom.

11. (a) Geen melkboer mag toelaat dat melk of melkprodukte enige plek buiten in 'n melkkamer bewaar word nie. Nadat daar gemelk is, moet al die melk onmiddellik na die melkkamer verwyder word. Bottels, houers of bakke wat bestem is vir die vervoer of lewering van melk mag nêrens buiten in sodanige melkkamer gevul word nie.

(b) Geen melkboer mag toelaat dat 'n melkery, stal, melkstal of melkkamer wat hy as sodanig gebruik vir enige doel behalwe dié waarvoor dit bestem is, of op enige wyse wat moontlik besmetting van die melkprodukte kan veroorsaak, gebruik word nie.

12. Elke melkboer of koeihouer moet—

(a) sorg dat die uiers en spene van die koeie onmiddellik voordat hulle gebruik word, met warm gekookte water gewas en met 'n skoon doek afgedroog word, en gedurende die melkery skoon gehou word, en dat die eerste melkstraal uit elke speen weggegooi word;

(b) by sy koeistal of melkstal te alle tye 'n houer vir kookwater verskaf en daar aanhou, as ook seep, 'n naelborsel en handdoeke sodat elkeen wat koeie melk of melk hanteer, vervoer of verkoop, sy hande kan was;

(c) sorg dat elkeen wat op sy perseel 'n koei melk, onmiddellik voordat hy die koei begin melk, sy hande met seep en warm water was, en terwyl hy melk 'n skoon oorpak van wasbare stof dra. Die melker se hande moet skoon bly solank hy melk en mag nie in aanraking met die melk kom nie. Die melker moet 'n vaschiensmeermiddel gebruik;

(d) sorg dat elkeen wat melk hanteer of aflewer, 'n skoon wit oorpak of voorskoot dra solank hy daarmee besig is;

(e) sorg dat waar 'n melkstoeitjie gebruik word, dit van so 'n patroon of materiaal is, dat dit maldik gewas kan word;

(f) slegs koeispantoue van die kettingsoort gebruik en sulke spantoue te alle tye skoon en higiënies hou;

(g) nadat daar gemelk is en voordat die melk in bottels gegooi word, dit deur 'n nuwe steriele watter- of flanelet-syglap sif;

(h) alle melk onmiddellik na die melkery laat verkoel tot op 'n temperatuur onder 50 grade Fahrenheit.

13. Elke melkboer of sy agent of bediende wat deur die Geneeskundige Gesondheidsbeampte of die Geneeskundige Inspekteur gevra word om inligting te gee oor die plek of plekke waarop melk of melkprodukte geproduseer word, moet sodanige inligting verstrek.

14. Die Geneeskundige Gesondheidsbeampte kan elkeen wat op 'n melkeryperseel woon of daarop of daarby in diens is, ondersoek om vas te stel of hy aan 'n aansteeklike of besmetlike siekte ly. Elke sodanige persoon wat weier om hom deur die Geneeskundige Gesondheidsbeampte te laat ondersoek, moet onmiddellik sy dienste op in sodanige melkeryperseel staak.

15. Elkeen wat self of middels sy bediende melk of room uit 'n voertuig of ander draer verkoop, moet sy naam en adres met duidelik leesbare letters op sodanige voertuig of draer laat aanbring, en hy moet voorts die voertuig of draer deeglik skoon laat hou, en hy mag geen sins toelaat dat dit vir 'n doel gebruik word, wat kan lei tot besoedeling of besmetting van die melk of room wat daarin gedra word nie.

16. (a) 'n Melkboer mag slegs emmers of houers van 'n materiaal of ontwerp wat die Geneeskundige Gesondheidsbeampte of die Geneeskundige Inspekteur goedgekeur het, en wat soomloos is, gebruik of laat gebruik om melk of melkprodukte te ontvang.

(b) 'n Melkboer mag melk verkoop slegs in 'n houer van 'n materiaal, grootte en ontwerp wat die Geneeskundige Gesondheidsbeampte of die Geneeskundige Inspekteur goedgekeur het, en wat in die melkkamer van sodanige melkboer

(c) take all proper precautions for preventing the infection or contamination by dust, dirt, flies, the infestation of effluvia or otherwise of any milk or milk products which are kept in such dairy, cowshed, milksroom or milking bail.

11. (a) No dairyman shall permit any milk or milk products to be stored or kept in any place other than a milksroom. After milking all milk shall be forthwith removed to a milksroom. Bottles, vessels or containers intended for use in distributing or purveying the milk shall not be filled elsewhere than in such milksroom.

(b) No dairyman shall permit any such dairy, shed, bail or milksroom used by him to be used for any purpose incompatible with the objects thereof or in any manner likely to cause contamination of the milk products.

12. Every dairyman or cowkeeper shall—

(a) ensure that the udders and teats of cows are washed with warm boiled water and wiped dry with a clean cloth immediately prior to milking and kept clean throughout the process of milking, and that the first stream of milk from each teat is rejected;

(b) provide and keep at all times at his cowshed or milkbail where milk is produced or stored or kept a receptacle for boiling water, and also soap, nail-brush and towels for the purpose of cleansing the hands of every person employed in milking cows or in handling, conveying or selling milk;

(c) ensure that every person who milks a cow on his premises shall wash his hands with soap and hot water immediately before commencing to milk such cow, and shall wear a clean overall of washable material whilst so employed. The milker's hands must be kept clean while milking and shall not come in contact with the milk. A vaseline lubricant shall be used by the person milking;

(d) ensure that every person who handles or distributes milk shall wear a clean white overall or apron while so doing;

(e) ensure that if a milking stool is used, it shall be of a pattern and material to facilitate washing;

(f) use cow hobbles of the chain type only and shall keep such hobbles in a clean and sanitary condition at all times;

(g) strain the milk after milking and before bottling through a new sterile cotton-wool or flanelette pad strainer;

(h) cause all milk to be cooled to a temperature below 50° Fahrenheit immediately after milking.

13. Any dairyman or his agent or servant, when required by the Medical Officer of Health or Health Inspector to give information as to the place or places in which was produced any milk or milk products, shall furnish such information.

14. The Medical Officer of Health may examine any person resident on or employed in or about any dairy premises for the purpose of ascertaining whether such person is suffering from any infectious or contagious disease. Any such person who refuses to be examined by the Medical Officer of Health shall forthwith cease to be employed in or upon any dairy premises.

15. Every person who by himself or by his servant sells milk or cream from a vehicle or other carrier shall have conspicuously inscribed on such vehicle or carrier his name and address, and he shall further cause such vehicle or carrier to be kept in a thoroughly clean condition, and shall not permit it to be used for any purpose which may lead to the contamination or infection of the milk or cream carried therein.

16. (a) No dairyman shall use or cause to be used, for receiving milk or milk products, any pail, bucket or receptacle which is not of a material or pattern approved by the Medical Officer of Health or Health Inspector and which is not seamless.

(b) No dairyman shall sell any milk except in a container of a material, size and pattern approved by the Medical Officer of Health or Health Inspector and capped in the milksroom of such dairyman: Provided that where

met doppe versel is: Met dien verstande dat waar die melkboer een gelling of meer melk het, wat vir een enkele aflewering of verkoop bestem is, hy sodanige melk kan aflewer in 'n houer soos voormeld goedgekeur, wat behoorlik en higiënies toegemaak is.

(c) Niemand mag vir so 'n houer 'n dop gebruik nie, tensy dit van 'n materiaal of ontwerp is, wat desglyks goedgekeur is.

(d) Doppe mag slegs een keer gebruik word.

(e) Geen melkboer mag elders as in die melkkamer houer vul, die doppe daarop sit, of die melk van een houer na 'n ander oorplaas of laat oorplaas nie.

17. Geen melkboer mag melk in houer in 'n sak of mandjie wat om of aan die lyf hang, of enigins anders vervoer, of toelaat dat sy bedienende dit vervoer, sodat die melk moontlik besmet kan raak nie.

